Verwysing: 20210927-6193
Lêerno.: 3/3/R
Navrae: PMPS.PMPS@westerncape.gov.za

Strategiese Mensbestuurminuut: 0009/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale, Hoofonderwyskundiges, Adjunkhoofonderwyskundiges, Staatsdiens- en Opvoederpersoneel

**Onderwerp: Verspreiding van die uitdienstredingsbestuursvraelys**

1. Om te voldoen aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) se bepalings en direktiewe om die praktyk van uitdienstredingsonderhoude in die staatsdiens te institusionaliseer, uitgereik ingevolge artikels 3(2) en 41(3) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), saamgelees met Regulasie 69(4) van die *Staatsdiensregulasies*, 2016, wat in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016 gepubliseer is, moet alle werknemers wat die diens van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) weens swak gesondheid of 'n besering, aftrede of bedanking, verlaat die aangehegte uitdienstredingsbestuursvraelys invul. Die direktief van die DSA in hierdie verband word as maklike verwysing aangeheg.

2. Die ingevulde vraelyste sal ontleed word om vas te stel waarom werknemers die departement verlaat en watter moontlike korrektiewe maatreëls die WKOD in werking kan stel om vaardige en bekwame werknemers te behou.

3. Dit is noodsaaklik dat werknemers al die velde van die vraelys invul sodat die ontleding so insiggewend moontlik is. Die inligting wat in die uitdienstredingsvraelys verskaf word, sal streng vertroulik behandel word.

4. Om te poog om papiervrye dienste te verskaf en vir u gerief kan die uittredingsvraelys aanlyn via die volgende skakel ingevul word: https://forms.office.com/r/7ngM2G2pKS.

5. 'n Drukstukvorm van die uittredingsvraelys wat ingevul kan word (by hierdie minuut aangeheg), is ook beskikbaar. Ingevulde vraelyste moet via e-pos na PMPS.PMPS@westerncape.gov.za gestuur word.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2021-10-07